**Donderdag 7 September**
**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:12-18**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:12, 18 (AFR83)**
**’n Valse sekuriteit in individualisme teenoor sekuriteit in Christus en sy kerk**

’n Kernbehoefte van elke mens is om tot ’n groep te behoort, maar dit is moeilik om veilige tuistes te vind. In gesinne, die skool en werkplek, ja selfs in die kerk verniel mense mekaar. Baie mense gaan innerlik verwond deur die lewe en kies daarom individualisme as hulle (valse) veilige plek. Ek sluit my af, het niemand nodig nie en help niemand nie. Dit is ’n baie eensame plek om te wees.

God se alternatief: Jesus kom sterf vir die skade in gebroke verhoudings en begin met die groot herstel van verhoudings. Hy Self bied aan ons die liefde en sekuriteit waarna ons smag. Vanuit hierdie sekuriteit in Hom kan ons na buite leef. Hy skep ’n nuwe gemeenskap (die kerk, sy liggaam), waar gelowiges tuishoort. Christus is die hoof en ons die liggaam. “Net soos die liggaam ’n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus” (12:12).

Die kerkgemeenskap vorm ’n eenheid en elke lid is nodig – die hand, voet, oor – élke lid. Jy is nodig! Hiermee word die uniekheid (individualiteit) van elke gelowige met sy gawe, plek en rol erken. Elkeen se Geesgegewe “andersheid” maak juis dat die liggaam goed funksioneer (12:18). Ek het ander nodig en ander het my nodig. Daarteenoor spreek individualisme van liefdeloosheid en selfvernietigende trots.

Ja, die kerk lewer uitdagings, want ons is nog gebroke mense wat seermaak. Ons as kerk moet daarna streef om ’n veilige tuiste te bied waarbinne elke individu aanvaar, beskerm, liefgehê en opgebou word om te floreer. Die toekomstige lewe in God se koninkryk sal sekerlik ’n lewe van volmaakte interafhanklikheid in liefde wees. Vervul jy jou unieke rol in die kerk?

*Sing: Skrifberyming 12-2:4, 5*

*Ds. JGL van der Walt (Deon) (Oudtshoorn)*